

6 September

Skrifgedeelte: Johannes 21:15-25

Fokusgedeelte: Johannes 21:21-22

Die Here wys ons op ons eie taak

Ons is so geneig om ons met ander mense se godsdienstige doen en late te bemoei. Petrus het ook in hierdie strik getrap. Nadat hy hier opnuut deur die Here, wat hy verloën het, sy koninkrykswerk gegee is, word hy opgeroep om Jesus te volg. As hy Johannes ook sien saamkom, wil hy by Jesus weet wat sy plan met Johannes is.

Of Petrus se vraag: “Here, en wat van hom?” opregte belangstelling of gekamoefleerde afguns was, weet ons nie. Jesus se antwoord sê egter duidelik dat ons ons nie oor die Here se weg met ander volgelinge van Hom moet moeg maak nie. Die Here sal in sy volmaakte wysheid self besluit hoe elke kind van Hom se lewenspad en diens aan Hom moet lyk.

Die Here loop immers met elke kind van Hom ’n eie pad. Elke Christen se lewe is ’n unieke samestelling van persoonlikheid en vermoëns en geestelike gawes en uiterlike omstandighede. Die maniere waarop jou agtergrond en opvoeding en die mense rondom jou en allerlei ander faktore op jou inwerk, verskil van mens tot mens. Omdat net die Here dit alles werklik ken en verstaan, is elke mens se lewe ten diepste ’n saak tussen daardie mens en die Here. Daarom werk die Here verskillend met verskillende individue. Job se pad lyk anders as Salomo se pad. Maria Magdalena word anders hanteer as Tomas.

Natuurlik kom daar tye wanneer ons geroep word om met groot liefde en versigtigheid mekaar te dien met troos of vermaning of raadgewing. Die Here Jesus self het dit ook vir ons geleer (bv. Matt 18:15-17 en Luk 22:32b).

Maar ons elkeen se eintlike fokus moet wees op dit wat die Here van my verwag. Hoe ek Hom met my unieke lewenspakket kan dien, is die vraag waarmee ek my moet besig hou. Ons moenie die hand aan die ploeg slaan en dan heeltyd rondkyk hoe ander ploeg nie. Ons moet ons eie ploegvore reguit trek!

Sing: Psalm 116:9 (1936)

Ds SD Snyman (Pretoria-Magalieskruin)